



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

30c

Wednesday 23 January 1985

WINDHOEK Woensdag 23 Januarie 1985

No. 4998

CONTENTS:

| | Page |
|--|------|
| PROCLAMATIONS | |
| No. AG. 3 Variation of conditions of establishment: Swakopmund (Extension 8) | 1 |
| No. AG. 4 Declaration of Soetdoringlaagte to be an approved township | 2 |

INHOUD:

| | Bladsy |
|--|--------|
| PROKLAMASIES | |
| No. AG. 3 Verandering van stigtingsvoorwaardes: Swakopmund (Uitbreiding 8) | 1 |
| No. AG. 4 Verklaring van Soetdoringlaagte tot goedgekeurde dorp | 2 |

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 3 1985

VARIATION OF CONDITIONS OF
ESTABLISHMENT: SWAKOPMUND
(EXTENSION 8)

In terms of section 31A(2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), it is hereby made known that under the said section 31A(2) I vary the conditions set forth in the Schedule to Proclamation 26 of 1975 by the substitution for subparagraph (c) of paragraph 4.B of the following subparagraph:

“(c) The minimum building value of the main building, outbuildings and fences excluded, on erf 2691 shall, in the case of a dwelling house, be R60 000,00, and in the case of flats, including duplex flats, be R120 000,00.”

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General

Windhoek, 3 October 1984

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 3 1985

VERANDERING VAN STIGTINGS-
VOORWAARDES: SWAKOPMUND
(UITBREIDING 8)

Ingevolge artikel 31A(2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) word hierby bekend gemaak dat ek die voorwaardes uiteengesit in die Bylae by Proklamasie 26 van 1975 kragtens genoemde artikel 31A(2) verander deur subparagraph (c) van paragraaf 4.B deur die volgende subparagraph te vervang:

“(c) Die minimum bouwaarde van die hoofgebou, buitegeboue en omheinings uitgesluit, op erf 2691 moet, in die geval van ’n woonhuis R60 000,00 en, in die geval van woonstelle, insluitende duplekswoonstelle, R120 000,00 wees.”

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal

Windhoek, 3 Oktober 1984

No. AG. 4

1985

DECLARATION OF SOETDORING-LAAGTE TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area represented by General Plan R. 70(A.80/82) to be an approved township.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule in terms of the said section 13.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General

Windhoek, 3 January 1985

SCHEDULE**1. NAME OF TOWNSHIP**

The township shall be called Soetdoringlaagte.

2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 84 erven numbered 1-84 and streets as indicated on General Plan R. 70(A.80/82).

3. CONDITIONS OF TITLE

The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven:

The erf shall be used or occupied only for purposes which are in accordance with, and the use or occupation of the erf shall at all times be subject to, the provisions of the Stampriet Town Planning Scheme prepared and approved in terms of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954).

No. AG. 4

1985

VERKLARING VAN SOETDORING-LAAGTE TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied voorgestel op Algemene Plan R. 70(A.80/82) tot goedgekeurde dorp.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae uiteengesit.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal

Windhoek, 3 Januarie 1985

BYLAE**1. NAAM VAN DORP**

Die dorp heet Soetdoringlaagte.

2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 84 erwe genommer 1-84 en strate soos aangedui op Algemene Plan R. 70(A. 80/82).

3. TITELVOORWAARDES

Die volgende voorwaarde moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe:

Die erf mag benut of geokkupeer word slegs vir doeleindes wat strook met, en die benutting of okkupasie van die erf sal te alle tye onderworpe wees aan, die bepalings van die Dorpsbeplanningskema van Stampriet wat ingevolge die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) ontwerp en goedgekeur is.